

## **Sing vooraf: Psalm 72:10 (p. 363)**

- 10 Laat al die volke uit wydste kringe / aan Hom hul dank bewys  
vir matelose seënige, / en Hom gelukkig prys.  
Klim op, my lof, na hoër sferes! / Van bowe kom die seen;  
want Isr'els God aan Hom die ere! – / doen wonders, Hy alleen.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.  
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige  
werking van God die Heilige Gees.

**Amen.**

## **Lofpsalm 118:12 (p. 579)**

- 12 Dit is die dag deur God verkore, / die feesdag aan Hom toegewy.  
Laat ons, met psalms uit vreug gebore, / ons in die God van heil verbly.  
Ag, HEER, gee nou u seënige; / gee voorspoed, HEER, op hierdie dag –  
dit is die dag van grote dinge, / die gloriëteken van u mag.

**Gebed**

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

**Amen.**

## **Psalm 62:4 (p. 302)**

- 4 Maar jy, my siel, swyg stil voor God, / beskikker van jou lewe en lot,  
wat nooit sy woord ontrou sal wees nie. / God is my rots, 'n skans vir my,  
Hy sal my voetstap veilig lei, / ek hoef geen wankeling te vrees nie.

**Skriflesing: Deuteronomium 8**

**Teks: Deuteronomium 8:10-20; Kategismus Sondag 10**

Dit gaan in hierdie gedeelte oor die voorsienigheid van God en watter eise dit aan ons stel om dit te sien en te bely. Die voorsienigheid van die Here maak 'n belangrike deel van ons belydenis uit. Die Heidelbergse Kategismus gee byvoorbeeld 'n baie volledige en lang beskrywing van die voorsienigheid.

Nou is daar 'n paar dinge waaraan ons moet aandag gee.

- Die eerste een is dat dit net die kerk van die Here is wat in hierdie wêreld die voorsienigheid bely.
- Die ongelowiges en die valse gelowiges wil niks van die voorsienigheid van die Here af weet nie.
  - Hulle wil nie 'n lewende en werkende God ken nie.
  - Hulle wil ook niks daarvan weet dat God nie ver staan nie, maar dat Hy naby is en elke mens en letterlik elke ding wat gebeur, lyflik bestuur en beheer.

Dit is 'n baie gevaarlike en selfoorskattende ding om te doen as mens sulke standpunte het!

- Die ontkenning van die voorsienigheid van God beteken eintlik maar net dat hierdie mense natuurlike vyande van God is.
- Hulle hele lewe en godsdiens bestaan in hulle eie vindingrykheid, hulle eie wetenskaplike insigte en in hulle eie vermoëns.

Teenoor hierdie mense onderskei ons 'n tweede groep.

- Dit is 'n groep mense wat diep afhanklik van God is.
- Dit is die kerk – lidmate van die kerk van die Here is diegene wat met 'n diepe afhanklike geloof in God hulleself in die hande van God sien.

Dit maak hierdie belydenis so uniek.

- Hierdie belydenis is baie vas gekoppel aan die openbaringe wat deur die Heilige Gees aan die mense gegee word.
- Deur die werk van die Heilige Gees in hulle kan hulle die nougesette sorg van God sien en ook sy grootheid in sy presiesheid bewonder.

Hierdie belydenis is vir nog 'n rede heeltemal uniek. *Daar was nog nooit in die bestaan van die aarde 'n ander godsdiens wat dit bely het dat ons in die voorsienigheid en in die volle onveranderlike beskikking van God bestaan en lewe nie.*

Die ou heidene het 'n veelgodedom bely.

- Die gode het mekaar dan teëgewerk, en daar was voortdurend stryd in die hemele, en die mense moes die spit afbyt.
- Verder het die mens van die vroegste tyd tot vandag toe nog in ongeloof die noodlot bely.
- Die noodlot is 'n negatiewe mag wat vir die mens goeie of slegte dinge kan beskik – hoe die lot val, is onbepaalbaar, daarom is dit die noodlot.

Dobbelary wat vandag nog goed bekend is, is een van die oudste ontkennings van die beskikking van God.

- Dobbelary is een van die oudste vorms van afgodery. Daarin word die sterre of dobbelstene gebruik om iemand se sake op te klaar.
- Die dinge is alles die plaasvervangers wat deur die satan in sy valse openbaring aangebied word in die plek van God se voorsienigheid.

Die uniekheid van die leer van die voorsienigheid is dan ook juis omdat God self uniek is.

- Die Drie-Enige God is van ewigheid tot ewigheid, en daar is nie nog een soos Hy nie.
- Juis daarom bely ons dat alles onder die heerskappy van God is.
  - Alles wat daar is, het Hy gemaak.
  - Hoe sal Hy dan nou iets maak wat nie aan Hom gehoorsaam is nie?

Die Bybel leer ons van die voorsienigheid van die Here. Luister na Job 12:7-12:

**Maar vra tog vir die diere, dat hulle jou leer; en die voëls van die hemel, dat hulle jou te kenne gee; of spreek die aarde aan, dat dit jou leer, en laat die visse van die see jou vertel. Wie weet nie deur al hierdie dinge dat die hand van die HERE dit gemaak het nie? In wie se hand die siel is van alles wat leef, en die gees van alle menslike vlees. Moet die oor nie woorde toets soos die verhemelte spys proe nie? (Job 12:7-11 AFR1953)**

Hier leer die Bybel dat God dit alles geskape het en onderhou. God is so almagtig dat Hy vir al die dinge afsonderlik sorg.

- Jesaja 34:16 voeg nog daarby dat die Here hierdie dinge voortdurend beveel en dat daar nie een gemis word nie.
- God ken elke dingetjie op die aarde by sy naam en Hy onthou elkeen.

**Soek in die boek van die HERE en lees! Nie een van hierdie wesens ontbreek nie, die een mis die ander nie; want my mond – dié het dit beveel, en sy Gees – dié het hulle bymekaargebring.** (Jesaja 34:16 AFR1953)

So beheers God die geskiedenis deur die voorsienigheid. In Matteus 6:26-30 sê die Here Jesus dat God tot vir elke voël sorg.

- Hulle saai nie en bou ook nie skure nie, want God sorg dat hulle kos kry.
- Let op die lelies van die veld – hulle staan daar, hulle werk nie, maar hulle groei, omdat God elkeen van hulle laat groei.

Die feit dat God alles moet doen, blyk uit die orde van alle dinge. Paulus preek dit ook aan die mense in Listre.

- Hulle moet oplet dat God uit die hemel vrugbare en onvrugbare tye gegee het en reën elke keer wanneer dit moet (Handelinge 14:17).

**. . . al het Hy Homself nie onbetuig gelaat nie, deur goed te doen, van die hemel vir ons reën en vrugbare tye te gee en ons harte met voedsel en vrolikheid te vervul.**

(Handelinge 14:17 AFR1953)

Die afhanklikheid van elke mens aan God preek hierdie dinge. Handelinge 17:26, 27 leer dit.

- Die Here maak uit een bloed alle nasies.
- Hy besluit presies waar elkeen woon, en vooraf het Hy die grense van hulle lande vasgestel.
- Die Here maak sommige van hierdie mense nou digters, sê die Bybel, en Hy laat elkeen van ons lewe.

Verder is dit ook nog so dat God Hom aan die heidene openbaar (Romeine 1:19, 20).

- Alle goddelike krag van Hom kon van die begin van die skepping af duidelik in sy werke gesien en verstaan word.
- Dit is die voorsienigheid waarvan hier gepraat word.

In die derde plek moet ons kyk na wat die inhoud van die leer van die voorsienigheid is. Dit is dat God vir alles sorg.

- Dit beteken dat die Here voor die skepping presies beplan het wat met elke ding gaan gebeur en nou sorg die Here dat dit so gebeur.
- Dit gaan nou nie net oor groot dinge nie; dit gaan oor alles.
- Die Here bekommer Hom nie net oor groot en voortreflike dinge nie. Hy sorg vir alles – van die grootste tot die heel geringste.
- Elke gedagte van die mens is in die Here se hand. Spreuke 21:1 (AFR1953):

**Die koning se hart is in die hand van die Here . . . Hy lei dit waarheen Hy wil!**

- Net so beslis die Here oor die beplanning van volkere. Psalm 33:10 (AFR1953):

**Die HERE vernietig die raad van die nasies, Hy verydel die gedagtes van die volke.**

- Elke grassie wat groei, groei omdat dit so deur die Here beplan is (Psalm 104:14). Daar staan ook in Psalm 104 dat die Here sorg dat die plante tot diens van die mens is, en dat Hy sien dat die bome versadig word.

Dink aan die profete van die Ou Testament se geskiedenis en dan bepaald hoeveel keer hulle aangekondig het dat dit sou ophou reën.

- Wanneer die Here weer wil, dan het dit weer gereën!
- So beheer die Here die vrugbaarheid van die grond en ook reën en droogte.

Die Here Jesus Christus bepaal dit nog nader.

- Nie eers 'n mossie gaan dood as dit nie die wil van die Vader is nie.
- So raak daar ook nie 'n haar los van jou kop af as die Here dit nie vir daardie haar bepaal het nie.

Dink nou weer oor alles: God het alles tot in die fynste bepaal en Hy sien toe dat dit so gebeur soos Hy beplan het.

- Die groei van elke plant.
- Die lewe van elke dier.
- Die planne van elke mens.
- Die beweging van elke engel.

Dit bring ons nou in die vierde plek by die gewig wat die saak in ons lewensbeskouing dra.

- Die stempel (waarmerk) van God se beskikking soos Hy dit in sy Raad vasgelê het, kenmerk ons almal se lewens.
- Hy sorg vir ons met die teerste liefde.
- Daar is nie so iets dat dinge somer net toevallig oor ons kan kom nie.

Daarom moet ons geduldig wees in tye van hartseer.

- Liggaamlike en geestelike teëspoed teken maar net ons eie swakheid.
- Maar as ons daarin onder God buig, en glo dat ons met ons berusting God dien, dan ontvang God ons in die ewige lewe.
- Per slot van sake verdien ons almal niks beter as straf en beproewinge nie.

Maar nou gee die Here ook vreugde.

- Hy gee voorspoed.
- Hy gee liefde.
- Hy gee beskerming.

Dink nou net aan die betekenis:

- God bewaar my so dat, al sou ek in hierdie lewe teëspoed beleef, dan sal ek ná hierdie lewe net vreugde ken.
- Die satan kan in hierdie lewe my lewe omkrap, maar hierna kan hy nie meer nie en laat God hom ook nie toe nie.

Satan is selfs in hierdie lewe so magteloos dat hy hom net moet skik by dit wat God van hom voorsien het.

- Daarom moet hy nederig toestemming vra om in die varke te mag vaar.
- Die satan kan nie eers oor 'n onrein vark iets beskik as God dit nie beheer nie!

Daarom sterf die Here Jesus Christus ook.

- Sy hele lewe en lyde en opstanding is die sterkste bevestiging van God se voorsienigheid.
- Hierdie Middelaar word beloof – in die voorsienigheid.
- Hy kom werklik – as vervulling van die voorsienigheid.
- Maar Hy kom ook weer, om die voorsienigheid finaal te vervul.
- Hy kom op die wolke om almal te kom haal na God se koninkryk toe, wat deur God voorsien is vir die ewige lewe.

### **Vraag 27: Wat verstaan jy onder die voorsienigheid van God?**

**Antwoord:** Die almagtige en oralteenwoordige krag van God (a) waardeur Hy hemel en aarde en al die skepsels asof met sy hand nog onderhou en so regeer (b) dat lower en gras, reën en droogte (c), vrugbare en onvrugbare jare, voedsel en drank, gesondheid en siekte (d), rykdom en armoede (e) en alles, ons nie per toeval nie, maar uit sy Vaderhand toekom (f).

(a) Hand 17:25-28; Jer 23:23, 24; Jes 29:15, 16; Eseg 8:12. (b) Heb 1:3. (c) Jer 5:24; Hand 14:17.

(d) Joh 9:3. (e) Spr 22:2. (f) Matt 10:29; Spr 16:33.

### **Vraag 28: Wat baat dit ons dat ons weet dat God alles geskep het en dit nog deur sy voorsienigheid onderhou?**

**Antwoord:** Dat ons in alle teëspoed geduldig (a) en in voorspoed dankbaar (b) kan wees. Verder dat ons ook vir die toekoms 'n vaste vertrouwe in ons getroue God en Vader (c) kan stel dat geen skepsel ons van sy liefde sal skei nie (d), aangesien alle skepsels so in sy hand is dat hulle sonder sy wil nie kan roer of beweeg nie (e).

(a) Rom 5:3; Jak 1:3; Ps 39:10; Job 1:21, 22. (b) 1 Tess 5:18; Deut 8:10. (c) Ps 55:23; Rom 5:4.

(d) Rom 8:38, 39. (e) Job 1:12; 2:6; Spr 21:1; Hand 17:2.

**Amen.**

Slotgebed

Slotpsalm 128:4 (sing: ons i.p.v. jy en jou) (p. 628)

- 4 Mag ryke **seën**inge / uit Sion jou bedou;  
mag jy dié goeie dinge / van Sionstad aanskou!  
mag jy nog, op jou bede, / 'n nakroossee verkry!  
En, God van alle vrede, / mag Isr'els vrede bly!

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

**Amen.**

Dr MJ du Plessis  
Gereformeerde Kerk Bellville  
Datum: 15 Julie 2007 (aand)

Job 9:7 wat bevel gee aan die son, en hy gaan nie op nie, en die sterre agter 'n seël wegsluit;

Job 36:32 Altwee sy hande oordek Hy met weerlig en gee daaraan bevel teen die aanvaller.

Job 37:15 Begryp u hoe God hulle bevel gee en die lig van sy wolk laat flikker?

Psalms 71:3 Wees vir my 'n rots om in te woon, om gedurig in te gaan; U wat bevel gegee het om my te verlos, want U is my rots en my bergvesting.

Psalms 78:23 En Hy het aan die wolke daarbo bevel gegee en die deure van die hemel oopgemaak;

Psalms 91:11 want Hy sal sy engele aangaande jou bevel gee om jou te bewaar op al jou weë.

Psalms 147:15 wat sy bevel na die aarde stuur—sy woord loop baie vinnig.

Psalms 148:5 Laat hulle die Naam van die HERE loof; want Hy het bevel gegee—en hulle is geskape.

Spreek 8:29 toe Hy vir die see sy grens gestel het, dat die waters sy bevel nie sou oortree nie; toe Hy die fundamente van die aarde vasgelê het—